

29 Maart

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17
Fokusgedeelte: Kolossense 3:9b-10
HK, Vraag 88

Sterf om te leef

Jy moet eers sterf om te kan leef. Dit klink tog onlogies, maar dit is presies wat bekering is, naamlik die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe. Hoe sterf ons? Ons moet die aardse dinge doodmaak wat nog deel van ons lewens is.(vers 5). Ons moet die volgende laat staan: woede, haat, nyd, gevloek, vuil taal en leuens. Breek met die ou sondige mens en sy gewoontes.

Hoe staan ons nuwe mens op? Ons word al hoe meer vernuwe na God se beeld en tot kennis van God. Ons moet meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig, verdraagsaam en geduldig wees. Ons moet mekaar vergewe en mekaar liefhê. So belangrik is die liefde vir ons as nuwe mense dat Paulus dit 'n band noem. Dié band bind ons saam tot 'n volmaakte eenheid.

Die nuwe mens gedy in liefde, liefde tot God en ons naaste. Ons daad moet liefde wys – liefde met hande en voete. Liefde lei tot die vrede van Christus wat in ons lewens die belangrikste is.

Onthou dat bekering 'n daad is wat by God begin. Jeremia sê: “Bekeer ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees.”

Ds. W Vogel (Cachet)

~~~~~